Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 23 no 07
Julie 2014

Soek nie jouself nie, maar dra soos Christus..... 2

Persverslag van die Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke 2014 4

Meelewe met Nederlandse susterkerke 8

Kerknuus: Australië... 10

Kerknuus: Nederland .. 11

Kerk, erediens en lied (2)..... 13

In sy diens 17

Kinders in enkel-vrou gesinne..... 18

Die Messias het gekom..... 20

Die lied as 'n reaksie op die Here se openbaring..... 22

Diens

Ons gebruik die woord *diens* gereeld in ons kerktaal: erediens, diensbaar, diensknegte, ens. In die Ou Testament noem Josua homself 'n dienskneg van die Here, en Paulus noem homself ook 'n dienskneg van God. (Tit 1:1). Ook word die Griekse begrip diakonosia in die Bybel op verskeie plekke gebruik om Jesus, sy apostels en ander dienaars te beskryf. Die begrip diens omvat ook die absolute koningskap van Christus oor sy kerk, terwyl dit terselfdertyd die gedagte van dienslewering sterk benadruk.

Ook in hierdie uitgawe van Kompas vind u weer 'n reeks artikels wat dien as 'n rigtingwyser in die Christelike lewe. Die voorbeeld van Christus se diensbaarheid soos dit beskryf word in Romeine 15 word verder uitgediep in die *Uit die Woord* artikel. Ook waar daar verskil van mening is met uiteenlopende standpunte, moet ons diensbaar aan Christus bly. Partykeer help dit dan om in die hitte van die debat 'n stappie terug te staan om te besin oor die vraag: waardeur word ek gedryf? Is dit ywer vir God? Of is dit veral die ywer vir my eie belange? Dit geld vir beide partye.

En dit geld ook vir die kerklike ontwikkelings waarvan u meer kan lees in die persverslag van die VGK sinode Bethal 2014. Mag ook dié besluite diensbaar wees in die kerk van Christus. Ook waar daar kommer is oor ontwikkelings in die Nederlandse kerke, kan ons onsself hierdie vraag afvra: hoekom is ons bekommerd? Is dit 'n ywer vir ons eie belange of 'n ywer vir Christus se kerk wat Hy wêreldwyd vergader?

Die beginsel van diensbaarheid geld ook in die erediens – daar waar ons God eer en dien. Hoe maklik gebeur dit nie dat ons ons eie emosies en belange vooropstel as ons praat oor hoe Christus geprys moet word nie? En hierdie vraag moet natuurlik eerlik aan beide kante van die debat beantwoord word: of jy nou teen gesange is, of daarvoor.

Dan is daar hierdie maand 'n nuwe rubriek genaamd "in U diens". Dit is spesifiek gemik op die ampsdraers waar hulle in die gemeente van Christus dien. Natuurlik is dit netso relevant vir die gewone lidmaat wat dan ook beter kan verstaan wat die plek van die dienaars is in die gemeente.

Waarskynlik kan jy hierdie beginsels ook trek na die alledaagse lewe van elke dag. Mynwerkers wat nie diensbaar is aan hul werkgewer nie, maar ook mynbase wat nie diensbaar is aan hulle werknemers nie – veroorsaak op allerhande euwels. 'n Regering wat nie diensbaar is aan sy landsburgers is nie (dienslewering), veroorsaak korrupsie en self-verryking.

Gerhard Bijker *is lidmaat van die VGK Pretoria*

Soek nie jouself nie, maar dra soos Christus

Romeine 15:1-4

Uit die Bybel

Soms skeel dit nie veel nie of ek wil breek met die kerk. Dan is ek lus om te loop. Want as dit daar só daaraan toegaan, weet ek nie of ek nog wel daarmee wil voortgaan nie.

Het u nooit so gevoel nie? Wel, ek het. Weet jy hoeveel teleurstellings ek al in die loop van die jare in die kerk moes verwerk? Ja, ek het ook baie mooi dinge meegemaak. Maar ook baie wat my kwaai afgesit het. Die kerk: dit is tog die plek waar God op die aarde die nuwe lewe oopmaak? Maar hoe dikwels loop ons daar nog telkens weer die 'ou mens' raak! So baie rusie en bakleiery oor bysake, negatiewe kritiek, skinderpraatjies óór mense pleks van dat daar in liefde mét die mense gepraat word... En dan dink 'n mens soms maar: hoe lank wil ek dit nog meemaak? Moet ek dalk nie maar 'n ander gemeente soek waar ek meer tuisvoel nie? Maar nou ja, vir hoelank sal dit wees? Want in enige gemeente gebeur daar ook onaangename dinge. Wat vandag 'n pragtige, lewende gemeente is, kan oormôre ook skielik vol konflikte wees.

> Ons moenie onsself nie,
> maar ons medemens behaag.

Solank ons met hierdie tipe van oorwegings besig is, is ons besig om *onsself te behaag*. Ek soek wat ek dink vir mý die beste is. Wat maak 'n mens dan? Moet jy dit maar *verdra*, soos party Bybelvertalings[1] ons wil laat glo? Nee. 'n Mens wat iemand anders verdra, kyk neer op daardie ander persoon en kry homself op 'n manier jammer dat hy met daardie tipe van mense moet saamleef. Maar ons word deur die apostel Paulus opgeroep om nie onsself nie, maar ons medemense, ons mede-lidmate in die kerk, te behaag. Die goeie vir hulle te soek. Hul opbouing. En daarvoor is dit nie genoeg om maar net te *verdra* nie, daarvoor sal 'n mens bereid moet wees om te *dra,* soos die Griekse woord wat Paulus gebruik, beteken.

Ook in Paulus se dae was daar in die kerk somtyds al heelwat konflikte. Partyskappe. Mense vir wie hul eie standpunt al was wat getel het en wat neergekyk het op broers en susters met 'n effense ander sienning. Mense wat hulself 'sterk' gevoel het, en die ander maar as 'swak' beskou het. Dis dié dat Paulus hulle wat so sterk voel dat hulle gefrustreerd raak oor die ander in die kerk wat nie so voel soos hulle nie, oproep om weer 'n keer baie mooi na Christus te kyk. As daar Één is wat in die kerk met geweldig baie misstande, sondes, 'n verkeerde manier van omgaan met mekaar, en so meer, gekonfronteer is, is dit Christus.

> Die smaadhede van die wat
> U smaad, het op my geval.

Paulus herinner egter nie aan 'n aantal skrynende voorbeelde van wat Christus alles gedurende sy lewe hier op aarde moes meemaak nie. Maar hy kies 'n ander invalshoek. Hy pas Psalm 69 op Christus toe. 'n Psalm wat koning Dawid gesing het toe hy in 'n donker gat was. Omdat Dawid toe alreeds baie teleurgesteld geraak het oor dit wat 'God se volk' moes wees. Hy sê van homself dat die ywer, die hartstog vir God se huis Hom verteer het (vs 10). Hy het as die koning oor God se volk nie sy eie voordeel gesoek nie, maar hom volkome vir God se saak beywer. Hy wou die HERE se gebooie in aansien hou. Hy wou die erediens heilig laat bly. Toegegee, hy het daarby geen blad voor die mond geneem nie. Hy het die puntjies op die i gesit en daarby ook soms op iemand se tone getrap. Maar dan verwag 'n mens tog nie dat jy selfs van jou eie broers en susters soveel teenstand sou ondervind nie? Dat jy jou in die kérk vasloop teen 'n muur van verset? Dat daar agter jou rug, en ook soms reguit in jou gesig, lelik oor jou gepraat word? Dawid moes egter meemaak dat daar selfs van sy eie familie was wat hom in die steek gelaat het.

En dit pas Paulus nou op Christus toe. Het hierdie Psalm nie aan Hom in vervulling gegaan nie? Dit wat Dawid alles moes verwerk, moes sy groot Seun later mos ook verwerk, en dit in ’n nog baie hoër mate. Ook Hy is deur die ywer vir God se huis verteer (vergelyk Joh 2:17). Maar dit is nie daardie woorde wat Paulus uit Psalm 69 aanhaal nie. Maar dit wat die gevólg daarvan was: dat selfs jou eie broers en susters, wat tog in hierdie hartstog langs jou moes gestaan het, jou geweldig teleurstel. Dat hulle nie langs jou nie, maar teenoor jou gaan staan. Jou onbehoorlik behandel. Want ook dit moes Christus ondervind. Hy is nog meer as Dawid verag en gesmaad oor sy ywer vir die HERE se huis. *Hy is ’n besetene*, het hulle gesê, ‘*n medewerker van Beëlsebul, die owerste van die bose geeste*. Hulle het Hom uitgeskel as ‘n *Godslasteraar*. Hulle het Hom uiteindelik aan ’n spotpaal gehang.

> Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem.

Hoe het Christus toe gereageer? Wat sou u gedoen het? Het Hy geloop? Het Hy gesê: *Wel, as hulle so maak, nou ja, dan sien hulle maar self! Dan gaan Ek dadelik terug hemel toe*? Of het Hy Homself teruggetrek binne ‘n klein groepie getroue volgelinge hier op aarde? En die ander gelos?

Dit is wel die mentaliteit wat ons vandag orals raakloop. En wat ook vir ons nie vreemd is nie. Dit wat allerhande beraders ons vandag aanbeveel: jy moet eerste aan jouself dink. Jy moet dit durf om vir jouself op te kom. En as dit vir jou in die kerk nie meer lekker is nie, moet jy maar eerder ‘n ander gemeente soek. Waar jy jouself meer tuisvoel.
Maar Christus het die teenoorgestelde gedoen. In plaas daarvan dat Hy Hom vererg van so ’n klomp sondaars afgekeer het, het Hy hulle opgesoek. Pleks van dat Hy Homself ver bo hulle verhewe gevoel, hulle slegs *verdra* het, het Hy Homself na hulle toe neergebuig. Baie diep. En hul swakhede en sondes gedra (Jes 53:4-7). So ver wou Hy in sy liefde vir God en sy hartstog vir God se kerk gaan.

En dit staan nou opgeskryf in die Bybel, skryf Paulus (Rom 15:4), sodat ons daarvan kan leer. Dit kan ons leer om nie te loop as ons baie teleurstellings in die kerk moet verwerk nie, maar om dan, net soos Christus, te volhard. Vol te hou. Hoop te behou. Soos wat Dawid ook moes leer. En kyk hoeveel het daar aan die einde van sy lewe by die volk verander! Lees gerus ‘n slag 2 Kronieke 29: die koning het tog die grootste deel van die volk uiteindelik saamgekry in sy ywer vir die HERE se huis! Kyk ook na die gevolge van Christus se volharding: deesdae word daar wêreldwyd ’n gemeente van God gevind, vol ywer vir die HERE se saak.

> Laat die ywer vir God se huis ons dryf.

As ek myself tot die sterkes in die kerk reken, as ek dink my standpunte is beter as die ander s’n, as ek weet hoe dit moet wees in die kerk, en ek kyk dan na Christus, dan leer ek om myself weer af te vra: maar wát soek ek nou eintlik? Moet dit vir mý lekker wees in die kerk, of is dit vir my die belangrikste dat Gód kan bly wees met sy kerk? Waardeur word ek gedryf: deur die ywer vir God se huis? Net soos Dawid en Christus? Of is dit veral die ywer vir my eie belange?

***Ds Ferdinand Bijzet**, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

(Voetnoot)
1 Soos die *Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling* en die proefpublikasie van *’n Direkte vertaling*.

Persverslag van die Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke, gehou van 28 April tot 1 Mei 2014 in Bethal

Kerknuus

Opening en konstituering
Na ‘n bidstond in die VGK Bethal kerkgebou, gelei deur ds JA Breytenbach, verhuis die afgevaardigdes na die Jim van Tonder-skool, waar die Sinode self gehou sal word. Namens die sameroepende kerk van Bethal open ds JA Breytenbach die vergadering. Ondersoek van die geloofsbriewe wys dat die volgende broeders wettig deur hul klassis afgevaardig is:

Klassis Noord:
- predikante PG Boon, MP Magagula en BA Matlaela
- ouderlinge AC Bijker, W Hofsink en TW Tamane

Klassis Suid
- predikante FJ Bijzet, JA Breytenbach en C Kleijn
- ouderlinge E Byker, C du Plessis en R Raimond

Die volgende moderamen is verkies: Voorsitter: ds PG Boon; Ondervoorsitter: ds C Kleijn; Skriba: br E Byker.
Br C Roose is ook aanwesig as kerkverbandelike administrateur en sal die Handelinge van die Sinode opstel.

Afgevaardigdes van susterkerke, adviseurs en waarnemers
Ons susterkerke uit Australië en uit Kanada het hierdie keer albei twee afgevaardigdes na ons Sinode gestuur. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van ons kerke en wys hoe die bande met daardie kerke die laaste dekade baie geïntensiveer het. Namens die Free Reformed Churches of Australia was ds S ‘t Hart en br W Spyker aanwesig en namens die Canadian Reformed Churches (die aan ons bekende) prof AJ de Visser en ds T Lodder. Tydens die Sinode is hulle herhaaldelik genooi om hul insette as adviseurs te gee. Maandagaand het ds S ‘t Hart en ds T Lodder groeteboodskappe namens hul kerke oorgedra. Daarin het hulle iets oor hul eie kerkverbande vertel en uiting gegee aan hul waardering vir die groeiende kontakte tussen ons as susterkerke en dat hulle met liefde ons as kerke wil bly ondersteun waar dit nodig is.

Ds C van Wyk, ons sendeling in Wesbank, was ook op die Sinode aanwesig o.a. in verband met ‘n voorstel van Klassis Suid betreffende Sending. Hy is genooi om as adviseur tydens die Sinode op te tree.
Ons susterkerke in Nederland het ‘n groeteboodskap per brief gestuur en laat weet dat hulle ongelukkig ons Sinode nie kan bywoon nie vanweë betrokkenheid by hul eie Sinode wat gelyktydig vergader.
Op Dinsdag verwelkom die vergadering die predikante P Kurpershoek en P Venter as waarnemers van die GKSA. Ds P Kurpershoek dra groete en seënwense van die GKSA oor. Hy spreek die wens uit dat die kontakte tussen die GKSA en die VGKSA verdiep mag word. Hy dring ook daarop aan dat eerlik aangegee word wat die kerke nog van mekaar skei. Hy vra ook ons voorbede vir die GKSA-sinode wat, as die Here wil, in Januarie gehou sal word, dat die kerke getrou mag bly.

Kontakte met Kerke in Suid-Afrika
Die Sinode was bly met die teenwoordigheid van twee afgevaardigdes van die *GKSA* en hul openhartigheid. Dit het die Sinode des te meer laat besef hoe belangrik die kontakte tussen die GKSA en die VGKSA is. Dit gaan daaroor dat ons mekaar ondersteun in die stryd vir die Gereformeerde leer en lewe. Die Sinode het dan ook besluit om die kontakte met die GKSA op nasionale vlak voort te sit met die oog op die versterking van die band in die eenheid van die Gereformeerde geloof. In die bespreking moet aandag gegee word aan die saak van hermeneutiek (die uitlegkunde van die Skrif), die sogenaamde Cloete-omdigting en die GKSA se besluit oor vroue in die amp van diaken.

> Ons moet mekaar ondersteun in die stryd vir die Gereformeerde leer en lewe.

Die Sinode het met blydskap kennis geneem van die goeie vordering van die kontakte in Pretoria tussen

vyf plaaslike GKSA- en VGKSA-gemeentes. Die sinode het die deputate dan ook opgedra om plaaslike kontakte tussen die twee kerkverbande te stimuleer, te ondersteun en te monitor met die doel om mekaar te versterk in die bevordering van die ware Skriftuurlike leer en lewe.

Met betrekking tot die *NG Kerk in Afrika* ('n kerkverband wat in 1994 nie met die samesmelting tot die Verenigende Gereformeerde Kerk saamgegaan het nie) het die Sinode besluit om kontakte met hulle voort te sit om mekaar beter te leer ken en om mekaar te ondersteun in die onderhouding van die ware geloof.
Die Sinode het ook die besluit van die vorige Sinode herhaal om deputate opdrag te gee om kontakte te onderhou met Engelssprekende kerke waarmee daar samewerking is m.b.t. die opleiding van teologiese studente.

Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK)
Op grond van 'n gemotiveerde voorstel van die deputate BBK besluit die Sinode om die susterkerkverhouding met die *Canadian Reformed Churches* en die *Free Reformed Churches of Australia* voort te sit. Die Sinode spreek ook sy opregte dank uit teenoor die kerke vir die manier waarop hulle die Suid-Afrikaanse kerke bystaan, veral ook wat betref finansiële steun aan hulpbehoewende kerke. Die aanwesigheid van afgevaardigdes van daardie kerke op die Sinode en hul insette tydens die besprekings is baie waardeer.
Soos verwag het die susterkerkverhouding met die *Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt)* (GKNv) baie meer bespreking vereis. Ongelukkig was die deputate BBK nie eenstemmig oor hoe om te reageer op bekommernisse oor ontwikkelings binne die GKNv nie. Die Sinode besluit om die konsepbrief van die meerderheid van die deputate aan te pas en dit na die Sinode van die GKNv te stuur om hulle aan te moedig om die gereformeerde spoor te behou. Dank is uitgespreek oor die hegte bande wat ons oor die jare mog hê en oor die hulp wat ons steeds nog van hulle mag ontvang, veral vir ons sendingswerk. Aan die ander kant is ernstig gewaarsku teen 'n nuwe hermeneutiek ('n nuwe manier van Skrifuitleg wat die onfeilbaarheid en duidelikheid van die Skrif ondermyn) wat wys in geskrifte van twee dosente aan die Teologiese Universiteit van Kampen en in die voorstel van die meerderheid van hul deputate om alle ampte vir vroue oop te stel. Die Sinode besluit om die susterkerkverhouding met die GKNv voort te sit volgens die vasgestelde reëls met as redes: (1) Hoewel ons bekommernisse het wat die fondament van ons kerklike verhouding raak, het die GKNv die verantwoordelikheid en die vermoë om die sake waaroor ons bekommerd is, op hul Sinode te Ede af te wys; (2) As susterkerke bly ons verantwoordelik om die GKNv te bemoedig om trou aan die Gereformeerde leer te bly.
Aangaande *De Gereformeerde Kerken (hersteld)* (DGK) besluit die Sinode om nie voort te gaan met voorbereidings om 'n susterkerkverhouding met hulle aan te gaan nie. Behalwe dat ons op die oomblik 'n verantwoordelikheid teenoor die GKNv het, is daar ook die rede dat ons nie kan toegee nie aan die voorwaarde wat die DGK stel dat ons ons susterkerkverhouding met die CanRC eers moet verbreek.
Aangaande die *Gereformeerde Kerken Nederland* (GKN) is besluit dat ons deputate daardie groep kerke moet bly ondersoek. Sou lidmate uit die DGK of GKN Suid-Afrika besoek, dan word aanbeveel dat die kerkrade hulle as lidmate of as gaste aan die Heilige Nagmaal toelaat, net na 'n amptelike gesprek met hulle.
Betreffende die *Reformed Churches of New Zealand* en die *Kerke in Noord-Amerika* het die Sinode die deputate opgedra om via ons susterkerke op hoogte te bly van ontwikkelings.
Die kontakte met *kerke in ander Afrikalande* sal bly loop deur die Internasionale Konferensie vir Gereformeerde Kerke (ICRC) en sy regionale sendingskonferensies en via susterkerke wat reeds daar kontakte het. Die deputate word gemagtig om kontakte met Afrikaanse ICRC-lidkerke te onderhou en maniere te vind om die verkondiging van die Woord en die opleiding en toerusting deur daardie kerke te ondersteun, in samewerking met ander ICRC-lidkerke. Indien die deputate aansoeke kry van kerke waaronder die ICRC of susterkerke nie aktief is nie, dan moet hulle beoordeel hoe haalbaar so 'n kontak is.
Lidmaatskap van die *ICRC* word voortgesit en die gewysigde weergawe van die ICRC se "Constitution and Regulations" word as 'n verbetering goedgekeur.



Bybelvertaling, Liturgiese Musiek, Formuliere en Gebede
Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat die nuwe Afrikaanse bron-georiënteerde vertaling van die Nuwe Testament en die Psalms

reeds in ‘n voorlopige uitgawe beskikbaar is. Deputate word weer aangestel met die mandaat om as lede van die Kerklike Advieskomitee by die voortgang van hierdie vertaling betrokke te wees. Die deputate sal in die proses bygestaan word deur lesers uit die kerke.

Die deputate Liturgiese Musiek het in die afgelope jaar 11 gesange en die nuwe Skrifberymings van die GKSA aan die kerke gestuur om te toets volgens die kriteria wat deur die Sinode 2011 aanvaar is. Hulle het egter nog geen terugvoer vanuit die kerke daaroor ontvang nie. Daarom word die kerke gevra om voor die einde van 2015 hul terugvoer daaroor te gee, sodat die deputate ‘n finale seleksie aan die volgende sinode kan voorlê. Deputate word ook gevra om met die deputate van die GKSA in kontak te kom met betrekking tot die publikasie van die hersiene Totiusberyming en te ondersoek of ons dit in ons eredienste kan gebruik.
Die Sinode het ook Sotho-sprekendes in die deputaatskap benoem, aangesien hulle die opdrag gekry het om die gesangebundel te toets wat tans in die Sotho-sprekende kerke gebruik word.

Die Sinode besluit om nie gebruik te maak van die hersiene Liturgiese Formuliere en Gebede van die GKSA nie, omdat dit nie werklik ‘n verbetering sou beteken nie. Ons bly by ons eie formuliere en gaan kyk hoe ons die formuliere verder kan verbeter. Die Sinode het wel besluit om voorlopig die nuwe nagmaalsformulier van die GKSA te aanvaar vir gebruik in die kerke, ter afwisseling van die twee nagmaalsformuliere wat ons reeds gebruik.
Wat die Formuliergebede betref, word besluit om aan deputate op te dra om vyf nuwe gebede saam te stel, vier vir gebruik in die eredienste en een vir gebruik by die huis.

Sending
Met dankbaarheid het die Sinode kennis geneem van die sendingwerk wat deur die kerke verrig is en van die moontlikhede wat daar nog voorlê, veral met die surplus fondse wat nou beskikbaar is. Die Sinode besluit om die deputate toe te laat om versoeke vir ondersteuning te oorweeg wat buite die huidige raamwerk van net kerkplanting val. Daardie versoeke moet egter wel verband hou met die verbreiding van die evangelie en as uiteindelike doel hê die bekering van sondaars en die vergadering van Christus se kerk. Daarmee het die Sinode die kern van Klassis Suid se voorstel aangespreek, naamlik dat toerusting en opleiding in spesifieke gevalle ook as sending beskou kan word.

Teologiese Opleiding
Op grond van die deputateverslag besluit die Sinode om duidelike toelatingsvereistes vir nuwe studente te stel. Teologiese studente moet een van die volgende studietrajekte volg:

a. ‘n Driejarige BA-studie in Hebreeus en Grieks in Suid-Afrika en daarna ‘n vierjarige MDiv- studie in Hamilton, Kanada;
b. ‘n Oorbruggingskursus, gevolg deur ‘n driejarige BA-studie in tale en daarna ‘n vierjarige MDiv-studie in Hamilton;
c. ‘n Oorbruggingskursus, gevolg deur ‘n BTh in Suid-Afrika (aan die Mukhanyo Theological College of aan die George Whitfield Theological College), met daarna ten minste twee jare universitêre talestudie en een jaar studie in Hamilton.

Die sinode neem met dank kennis van die aanstelling en werksaamhede van ds Jopie van der Linden as mentor van die studente in die Noorde. Die belang van goeie mentorskap vir alle studente, ook hulle in die Suide, word benadruk.
Die deputate kry ook as opdrag om geleenthede te skep vir voortgesette opleiding en toerusting van predikante en ander ampsdraers.
Vanweë die noue verbinding tussen die werk van deputate Kuratore en deputate Hulpbehoewende Studente is besluit om daardie twee deputaatskappe saam te voeg.

Volhoubaarheid en Kerkverbandelike bydraes
Op grond van ‘n deeglike rapport van deputate Volhoubaarheid besluit die Sinode om ‘n nuwe model vir gedifferensieerde kerklike bydraes vanaf 2015 in te voer. Dit beoog dat alle kerke na drakrag (ooreenkomstig die geskatte gemiddelde inkomste en drakrag van die gemeentelede) sal bydra aan die

kerkverbandelike uitgawes. Voor elke Sinode sal die kerkrade gevra word om ‘n berekening te maak van die vermoë van hul gemeente om by te dra.
Die Sinode het ook die voorstel van deputate om tussen die sinodes ‘n nasionale indaba te hou (waarin alle kerke en deputaatskappe verteenwoordig is), goedgekeur. As gronde vir die besluit word genoem:
a. Indabas kan (veral in ons multikulturele kerkverband) help om misverstande te voorkom of op te los;
b. Indabas kan deputate help om die situasies beter in te skat en om meer effektiewe voorstelle vir die sinode te formuleer; c. Indabas kan die samewerking tussen die deputate en die kerke verbeter.

Die sinode besluit om tussen die sinodes ‘n nasionale indaba te hou om die samewerking tussen die deputate en die kerke te verbeter.

Om bostaande te bereik word aan alle deputate opgedra om ‘n tussentydse verslag aan die indaba voor te lê.
Daar word ook besluit om elke keer ‘n ander deputaatskap aan te wys om die indaba te organiseer. Die eerste indaba sal DV teen die einde van 2015 gehou word, en deputate art. 11 (Hulpbehoewende Kerke) is aangewys om dit te organiseer.
Die Sinode besluit ook om die deputate Volhoubaarheid (‘Sustainability’) te ontbind, soos deur hulle self versoek. Hulle het die mandaat voltooi en met die besluite wat geneem is, is hulle bestaan in die toekoms nie meer nodig nie.
Met groot waardering neem die Sinode kennis van die verslag van die kwestor. Die sinode besluit om voorlopig die volgende bydraes van die kerke te vra wat nog omgewerk moet word volgens die nuwe model van gedifferensieerde bydraes.

Volgende Sinode en sluiting
Die VGK van Soshanguve word benoem om die volgende Sinode saam te roep. As datum word genoem die laaste week van Augustus 2017. Hierdie later datum is gekies om te help dat die deputate se verslae betyds (4 maande voor die sinode) ingedien word. Vanweë die vakansietyd in Desember en Januarie was dit dikwels moeilik vir deputate om die sperdatum te haal. Die VGK Pretoria-Maranata word as moontlike plaasvervanger benoem.

Die voorsitter dank die sameroepende kerk en die susters en broeders van Bethal vir die uitstekende manier waarop hulle die Sinode ontvang en versorg het. Na ‘n meditasie oor Handelinge 15 deur die tweede voorsitter sluit ds Boon die Sinode.

Namens die Sinode

Ds PG Boon (voorsitter), ds C Kleijn (ondervoorsitter), br E Byker (skriba)

	(2014)	**2015**	**2016**	**2017**
Art. 11	Kwotum deur sinode 2011 besluit	Verhoging bo inflasie	Verhoging bo inflasie	Verhoging bo inflasie
Art. 19		R100 per lidmaat	R120 per lidmaat	R140 per lidmaat
Kuratore		R90 per lidmaat	Inflasie verhoging	Inflasie verhoging
MDSA	Kwotum deur sinode 2011 besluit	*Geen inflasie verhoging, Dieselfde bedrag as in 2014. Inflasie verhoging na hulpbehoewende kerke*	*Geen inflasie verhoging, Dieselfde bedrag as in 2014. Inflasie verhoging na hulpbehoewende kerke*	*Geen inflasie verhoging, Dieselfde bedrag as in 2014. Inflasie verhoging na hulpbehoewende kerke*
Kerkverband	Kwotum deur sinode 2011 besluit	Verhoging volgens inflasie	Verhoging volgens inflasie	Verhoging volgens inflasie

Meelewe met Nederlandse susterkerke

Brief van sinode tot sinode

Kerknuus

Tydens die onlangse sinode wat in Bethal gehou is, was een van die sake wat baie tyd gevra het, die verhouding met ons Nederlandse susterkerke. Omdat die deputate vir *Betrekkinge met Buitelandse Kerke* nie eenstemmigheid kon bereik nie – daar is ’n meerderheids- en ’n minderheidsrapport ingedien – moes die sinode ook meer bewus hiermee omgaan.

Dit het uiteindelik tot die volgende besluite gelei:

- Dat die susterkerkverhouding met die *Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt)* voortgesit word;
- Dat, aangesien daar wel besorgdheid is oor bepaalde tendense in die *GKv*, ’n *Brief van Kommer (Letter of Concern)* van sinode tot sinode geskryf word;
- Dat die VGKSA sy meelewe en sorg daarin tot uiting bring deur *twee* afgevaardigdes na die sinode van die *GKv* in Ede te stuur.

Op 17 & 18 Mei het ds Hannes Breytenbach en br Kees Roose die sinode in Nederland bygewoon. Hulle was daar saam met verskillende ander buitelandse kerke, wat ook met dieselfde boodskap na Nederland gekom het. Die brief van ons sinode is toe voorgelees. Die brief word hieronder geplaas, sonder die bylaes. In die bylaes word die punte wat in die brief aangeroer word, van ’n uitgebreide begronding voorsien. As iemand daarin belangstel, kan dit aangevra word by die moderamen of sinode-sekretaris, br Roose.

30 April 2014

Aan die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Nederland wat in 2014 in Ede byeen is

Geagte broeders in Christus

Ons groet u in die almagtige Naam van ons Here en Redder Jesus Christus. Ons loof ons drie-enige God dat Hy steeds sy kerk vergader, ook in Nederland. Soos in die verlede die geval was, bestaan daar vandag ook ’n sterk band tussen die GKv en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daarvoor dank ons Hom. Ons is een deurdat ons op dieselfde fondament bou, al is dit op verskillende plekke op God se aarde. Ons is dankbaar vir die troue prediking van die evangelie in u midde en die getuienis van u lede met woord en daad in ’n wêreld wat afdwaal van sy Skepper en Herskepper. Ons is veral dankbaar vir die steun wat ons reeds jare lank vanuit Nederland ontvang vir die sendingwerk in Suid-Afrika.

Ons skryf aan u in die beskeie dog brandende hoop dat hierdie brief in ’n welwillende gees deur u gelees sal word, omdat u besef dat die liefde van Christus ons daartoe gedryf het om so te skryf. Ons reëls vir ’n susterkerkverhouding lui as volg: *Die VGKSA onderhou susterkerkverhoudings met ander kerkverbande wat die kenmerke van die kerk van Jesus Christus vertoon. Die doel van hierdie verhoudings is om mekaar te ondersteun in die handhawing, verdediging en bevordering in leer en lewe van die waarheid van die Skrif, soos wat dit saamgevat is in die gereformeerde belydenisgeskrifte.* Dit is in die konteks van hierdie wedersydse verantwoordelikheid dat ons in hierdie brief ’n aantal oproepe aan u maak.

Die feit dat ons besluit het om hierdie brief aan u te skryf, getuig daarvan dat bepaalde sake nie opgelos kon word tydens die bespreking wat ons deputate vir Betrekkings met Buitelandse Kerke met die deputate BBK van die GKv gehad het nie. Laasgenoemde het ons ook geadviseer om direk aan u te skryf met betrekking tot die onopgeloste sake. Die twee hoofsake is die volgende:

1. Handhawing van die gereformeerde leer aan die Teologiese Universiteit (TU) te Kampen

Ons kommer betreffende die handhawing van die gereformeerde leer aan die TU is by verskeie geleenthede voorgelê aan die deputate BBK van die GKv. Aangesien ons geen aanduiding kon vind dat ons kommer erken en gedeel word nie, ag ons onsself genoodsaak om die volgende sake nou regstreeks aan u voor te lê:

a. Die opvattings van dr Stefan Paas wat gepubliseer is in sy tesis *Creation and Judgement* (2003) is kommerwekkend. Dit geld ook vir sy handboek

Als een kerk opnieuw begint. Sien bylae 1.

b. Ons is ook bekommerd oor die metode en konklusies soos verwoord in die tesis van dr Koert van Bekkum, *From Conquest to Coexistence* (2010). Sien bylae 2.
c. Ons is bekommerd daaroor dat Skrifkritiese ondersoek geduld word aan die TU, 'n instelling wat onder die verantwoordelikheid van die GKv val. Sien bylaes 1 & 2.

Helaas kon die weerleggings teen die bewerings van Skrifkritiek, soos gepubliseer deur die TU, deur sommige dosente aan die TU, deur die Raad van Toesig en Bestuursraad, nie ons bekommernisse hokslaan nie.
Die feit dat Paas en Van Bekkum met apologetiese motiewe te werk gegaan het en 'in hul teenstanders se skoene gaan staan het', is vir ons nie minder rede tot kommer nie. In die Suid-Afrikaanse konteks het ons waargeneem hoe dat Skrifkritiese opvattings op 'n soortgelyke wyse hulle opwagting gemaak het in Gereformeerde akademiese instellings, en hoe dit later 'n katastrofiese geestelike agteruitgang tot gevolg gehad het in die kerkverbande wat aan hierdie instellings verbonde is. Ons sal daarteen moet waak dat die liefde vir die (akademiese) wêreld nie uitstyg bo die liefde vir die lewende God, sy Woord en sy Kerk nie. Ons liefde vir u dwing ons om u te vermaan om ons bekommernisse ernstig op te neem en op besliste wyse standpunte en wetenskaplike hipoteses wat die onfeilbaarheid, helderheid en volkomenheid van die heilige Skrif nie eerbiedig nie, te weerlê (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 7). Ons roep u op om die gepaste respek vir die heilige Skrif te handhaaf en te bly by die korrekte uitleg van die Skrif.

2. Vroue in die besondere kerklike ampte

Ons is ook genoodsaak om ons sorge uit te spreek oor ontwikkelings in u kerkverband met betrekking tot die vrou in die amp. Sien bylae 3.

Ons roep u op om hierin aan die ortodokse koers vas te hou. In 'n kerk wat getrou wil bly aan die heilige Skrif, kan die vraag of vroue in die besondere kerklike ampte mag dien, nie as 'n ope vraag ter bespreking gestel word nie. Wanneer die ondubbelsinnige onderrig van die Woord van God oor manlike leierskap in die kerk 'n saak van debat geword het, dan is dit 'n aanduiding dat 'n gevaarlike hermeneutiese benadering sy invloed laat geld. Ons spoor u in die Here aan dat u die Bybelse waarheid dat God getroue broeders oproep om in die kerk leiding te gee, sal bly verdedig. Ons vra u om u kerke aan te moedig om die aanslae van die hedendaagse egalitariese en emansiperende denke met betrekking tot die kerlike ampte die hoof te bied.

Konklusie

Ons versoek u om die wedersydse afspraak insake ons susterkerkverhouding ernstig op te neem, en dat u suiwer op grond van die liefde vir God en sy Woord ernstige aandag sal gee aan die sake wat in hierdie brief aangeraak word. Dit is hierdie liefde wat ons daartoe beweeg het om die brief te skryf.

Dit is ons opregte hoop dat u aan hierdie brief werklik inhoudelike aandag sal gee en dat u die katolieke koers met betrekking tot die genoemde punte sal bly handhaaf. Ons roep u en u kerke op om standvastig te wees in die belydenis van die waarheid van die Woord van God en om hierdie waarheid dapper en kragtig te verdedig, selfs wanneer dit deur die wêreld gehaat en verwerp word. Ons hoop en bid dat ons kommer weggeneem mag word en dat ons en u kerke getrou mag bly tot die wederkoms van die Here Jesus Christus in glorie, majesteit en krag.

Met broedergroete

Sinode Bethal 2014
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Voorsitter: Ds P G Boon
Ondervoorsitter: Ds C Kleijn
Skriba: Br E Byker

(brief is vertaal deur Lize Kampman, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata)

Beroepbaarstelling ds Hannes Breytenbach

Na aanleiding van advies van Klassis Suid van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en na behoorlike oorleg met die gemeente, is ds J.A. Breytenbach deur die Kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Bethal op Sondag 1 Junie 2014 beskikbaar gestel vir beroeping in die kerke.

Hierdie besluit volg omdat die gemeente weens verskillende redes, onder andere inkrimping van die gemeente en vermindering van finansiële drakrag, nie meer in staat is om self, ten spyte van hulp van die kerkverband, die predikant voldoende te versorg nie.

Kerknuus: Australië

Kerknuus

Free Reformed Churches of Australia

Hermeneutiek

Die vorige Australiese kerknuus is afgesluit met ‘n opmerking dat die kerklike situasie in die susterkerke in Nederland tot gevolg gehad het dat ook die Australiese kerke besin het oor ‘Hermeneutiek.’ Op 14 Maart is die eerste vergadering oor hierdie onderwerp in die Armadale- kerkgebou gehou. Die aand is gelei deur ds Peter de Boer en dr Dean Anderson. Beide het die Hermeneutiek-konferensie by die Teologiese Seminarium in Hamilton, Kanada namens die FRCA bygewoon. Tydens die vergadering in Armadale het hulle verslag uitgebring van die lesings en besprekings tydens die konferensie. Hulle het hul sorg uitgespreek oor die nuwe herneutiese benadering van die Nederlanse professore en dosente. Beide predikante het die gesprek tydens die konferensie as oop en eerlik ervaar. Ongelukkig het dit nie gelei tot toenadering in die hermeutiese benaderings tussen die teologiese opleidings in Noord-Amerika/ Kanada en Kampen nie. Die terugvoer van beide predikante het die FRCA-gemeentelede wel ‘n beter idee gegee oor wat aan die gebeur is op die gebied van Hermeneutiek en almal opgeroep om vir die Nederlandse kerke te bly bid.

Ampsdraerskonferensie

Op Saterdag 12 April 2014 het ‘n groot aantal ampsdraers vanuit al die verskillende gemeentes in die Mount Nasura-kerkgebou bymekaargekom vir die jaarlike ampsdraerskonferensie. Ds Peter de Boer het die broeders toegespreek oor die tema: ‘Die leierskap van ampsdraers in die kerk van Christus’. Verskillende aspekte van geestelike leierskap is belig en daarna in groepsessies bespreek. Veral die nuwe ampsdraers wat vir die eerste keer in die amp verkies is, het die konferensie as baie seënryk ervaar.

Interessante lesings

Die kerke was die afgelope maand bevoorreg om *dr G H Visscher* in hul midde te hê. Soos u miskien weet, is dr Visscher die dekaan en professor in Nuwe Testament in Hamilton, Kanada. Die deputate Teologiese Opleiding in Australië het hom uitgenooi om ‘n paar lesings te kom hou en ook met aanstaande teologiese studente te kom praat. Die lesings het o.a. gegaan oor ‘Vergifnis en versoening’ en ‘Lewe van genade – Romeine as basis van ‘n Christelike lewe’. Al sy lesings is beskikbaar op die FRCA-webtuiste (frca.org.au).

Verder is die gemeentes ook uitgenooi deur Baldivis na twee lesings deur die bekende skrywer *Tim Challies* oor ‘n Christelike lewenstyl in ‘n digitale era. Hy het oor verskillende vorme van internet- en selfoonverslawing gepraat. Die gemeentelede is aangespoor om meer Bybels-krities na die tegnologiese ontwikkelings van ons tyd te gaan kyk. Sy webstuiste vir die wat belangstel, is: www.challies.com

Sending in Lae, Papua New Guinea

In my vorige *KOMPAS*-artikel het ek iets vertel van die sendingwerk wat deur Armadale en die samewerkende en ondersteunende kerke in Lae, PNG gedoen word. Ek het toe kortliks genoem dat kandidaat Isidore Aufa na die Living Waters Reformed Church in Kamkumung, Lae beroep is. Met dank kan ek meld dat hy die beroep aangeneem het. Kandidaat Aufa is die eerste inheemse predikant in

die sendinggemeentes in Lae. Die ander gemeente/ preekpunte sal definitief ook hierby baat. Kandidaat Aufa het sy teologiese opleiding by die Reformed Bible College in Port Moresby gevolg en sal vir die eerste jaar van sy bediening deur die huidige sendelinge begelei word.

Eucalypt
Die kerke in Australië het die voorreg om sy eie sentrum vir gestremde gemeentelede te kan bestuur. Die naam van die sentrum is 'Eucalypt', en dit huisves op hierdie stadium vyf permanente volwasse inwoners. Sedert onlangs beskik dit ook oor 'n eie werkplek en opleidingsafdeling vir dagbesoekers. In die afgelope 6 maande het die sentrum ook die geleentheid gehad om ekstra bygeboue te kon bou om te kan voorsien in die toenemende vraag na woon- en werkplek deur 'nuwe' gestremde gemeentelede.

Plaaslike uitreikaksies (Evangelisasiewerk)
Die gemeentes in die Perth Metro-area (Armadale, Baldivis, Byford, Darling Downs, Kelmscott, Melville, Mt Nasura, Mundijong, Rockingham en Southern River) is gesamentlik betrokke by verskillende uitreikaksies. Die grootste hiervan is die 'Christian Outreach Centre' genaamd 'Have A Cuppa'. Dit het ontstaan en funksioneer tans op privaat inisiatief, maar verskeie gemeentelede neem vrywillig deel aan verskillende dagprogramme wat aangebied word vir mense uit die direkte omgewing. Die meeste 'vriende' (soos die besoekers genoem word) kom uit swak maatskaplike omstandighede. 'Have A Cuppa' werk vanuit 'n groot huis naby die Armadale-kerk en voorsien weekliks in Bybelstudies, tweedehandse klere, gratis voedselvoorrade, stort- en wasgeriewe. Vanuit hierdie projek het daar in die verlede al verskillende 'vriende' by die Armadale-gemeente aangesluit. Ander uitreikaksies behels 'n stalletjie by 'n nabygeleë winkelsentrum. Een keer per maand word gratis literatuur vanaf daardie punt aan verbygangers gegee en word daar gepoog om kort gesprekke met belangstellendes oor die geloof te voer.
'n Derde uitreikaksie vind elke derde Sondag van die maand plaas. Dan besoek 'n aantal gemeentelede 'n 'hospice' genaamd *Angelo Street Nursing Home* waar mense wat aan verskillende siektes ly, permanent versorg word. Meestal word daar musiek gemaak en/of gesing, waarna een van die lede 'n kort praatjie oor 'n onderwerp uit die Bybel hou.

In die volgende bydrae hoop ek om meer te vertel oor wat in die afgelope jaar op elk van die drie klassisse bespreek is. Ook hoop ek om iets te vertel oor die verskillende ontwikkelingsprojekte wat die FRCA in die buiteland ondersteun.

Gods seën toegewens by die gemeente- en kerkverbandelike werk in Suid-Afrika.

Broedergroete vanuit 'Down-under'
***Ds Axel Hagg**, predikant van die Free Reformed Church Australia in Armadale*

Kerknuus: Nederland

Die Algemende Sinode van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt)

Kerknuus

Die vorige kerknuus oor die algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) het oor die vergadering van 11 en 12 April 2014 gehandel. Hierdie verslag handel oor die vergaderings van 10 Mei 2014 tot 5 Junie 2014.

Die liedboek *Zingen en Bidden in Huis en Kerk*
Sedert 2008 werk die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) saam in die Interkerklike Stigting vir die Kerklied. Hierdie Stigting het 'n nuwe bundel met Psalms en Gesange saamgestel, nl. die liedboek *Zingen en Bidden in Huis en Kerk*. Die Sinode het hierdie liedboek aanvaar. Die Sinode het besluit dat plaaslike kerke self moet besluit oor die kerklied wat in die gemeente gesing word.

Kerklike eenheid

Op 10 Mei was die verslag van die deputaatskap Kerklike Eenheid aan die orde. Kerklike eenheid is belangrik. Die Here Jesus het in Johannes 17 al gebid vir eenheid van almal wat in Hom glo. Gemeentes moet kerklike eenheid soek met kerke in hul omgewing. Op nasionale vlak sorg die deputaatskap Kerklike Eenheid vir toenadering tot ander kerkgenootskappe in Nederland, soos die Christelijk Gereformeerde Kerk en die Nederlands Gereformeerde Kerk. Daar was vyf afgevaardigdes van die Christelijk Gereformeerde Kerk aanwesig. Hulle het kenbaar gemaak dat die CGK bekommerd is oor die ontwikkelings in die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt), o.a. met betrekking tot vroue in die amp en die prediking. Met die Nederlands Gereformeerde Kerke is daar ook goeie kontakte, selfs so dat die Nederlands Gereformeerde Kerke gevra het vir hereniging. Dit sal later op die Sinode bespreek word.

In Nederland is daar ook ’n Protestantse Forum. Dis ’n ontmoeting van verskillende kerkgenootskappe. Die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) wil met hul betrokkenheid by hierdie inisiatief dit wat hulle glo en leer uit God se Woord, uitdra aan ander kerke.

Kontak met Buitelandse Kerke

Op 16 Mei was daar ’n vergadering met afgevaardigdes van die kerke uit Suid-Afrika, Kanada, Ierland, Australië, Suid-Korea en Uganda. Dit was ’n sinvolle vergadering en die Sinode het die wens uitgespreek om mekaar as susterkerke te bly dien. Daar was bekommernisse by die buitelandse kerke. Nederland is op ’n ander manier besig met teologie. Die buitelandse kerk stem nie altyd saam met die koers waarin Nederland gaan nie. Daar bly vrae. Maar die Sinode kon die buitelandse kerke oortuig dat hulle die Bybel nie loslaat nie.

Deputaten M/V: mannen en vrouwen in dienst van het evangelie

Die manier waarop die sinode met hierdie onderwerp omgaan, is bemoedigend. Daar is al verskeie vergaderings aan hierdie onderwerp bestee. Daar was selfs ekstra vergaderings. Daar is heelwat vrae aan die deputate gevra. Die deputate moet hierdie vrae skriftelik beantwoord. Die Sinode het ook skriftelike advies van die professore van die Teologiese Universiteit in Kampen gevra. Ook die Christelik Gereformeerde kerk het ‘n reaksie op die verslag gegee. Dit alles kan u op die webblad www.synode.gkv.nl lees. Die ruimte hier is te min om alles wat daarin staan, weer te gee, maar as u meer oor die onderwerp wil weet, is dit beslis die moeite werd om te lees. Ek sal net ‘n paar kort aanhalings uit die adviese van die professore weergee.

Prof A L Th de Bruijne se advies is dat die generale sinode die waarde van die werk van die deputate erken, maar terselfdertyd erken dat die Gees nog nie voldoende eenduidigheid en konsensus gegee het om die verslag te aanvaar nie. Daar moet nog meer besinning kom.

Prof B Kamphuis het geen probleem met die hermeneutiek wat gevolg is nie. Wel voel hy dat daar net hermeneutiek van akkomodasie gevolg is en nie hermeneutiek van konfrontasie nie. Juis as dit wat die Bybel sê, moeilik is om te aanvaar, is dit goed om na te gaan hoekom dit seermaak. Is dit regtig net kulturele verskille, waardeur daar vervreemding met die huidige kultuur ontstaan, of wys dit juis hoe ver ons van die klimaat van God se koninkryk verwyderd geraak het?

Verder skryf prof Kamphuis dat die deputate te min rekening hou met die susterkerke in die binne- sowel as die buiteland. Vir hulle is die vrou in die amp ‘n probleem. Deur dit te ignoreer, doen hulle geen reg aan die katolisiteit van die kerk nie.

Prof C J de Ruijter noem dat die Bybel geen eenduidige beeld oor die plek van man en vrou in die gemeente gee nie. Aan die een kant mag vroue amper al die werk in die gemeente doen, selfs preek. In 1 Korinthiërs 11 lees ons dat Paulus geen moeite het wanneer vroue profeteer nie, solank hulle geen aanstoot gee nie. Maar aan die ander kant is daar in die Nuwe Testament baie nadruk op die feit dat die man leiding neem. Daarom kan die vrou nie al die werk doen nie, die opsienersamp is nie vir vroue bedoel nie.

Volgens *prof G Kwakkel* wys Genesis 1 en 2 op ‘n verskil in posisie tussen man en vrou. Die Here Jesus en die apostel Paulus gryp by die tema van die verhouding tussen man en vrou terug op God se bedoeling by die skepping. Dit lyk vir hom beter om aan hierdie verskil in posisie tussen man en vrou vas

te hou en hieraan ‘n passende invulling te gee vir die tyd waarin ons leef. Dis nie goed om die verskil te ignoreer omdat die Westerse kultuur dit aan ons opdring nie.
Prof H G L Peels stem saam dat ‘n mens in Genesis 2 lees dat man en vrou gelykwaardig is, maar ‘n mens lees ook in Genesis 2 dat God aan die man en die vrou elkeen ‘n eie taak gee. Ons moenie ‘n besluit forseer om die ampsleer te vervang en al die ampte vir vroue oop te stel nie. Dis beter om na ‘n nuwe konstruksie te kyk, soos bv. ‘n klein raad van oudstes, wat uit mans bestaan. Hulle is verantwoordelik vir opsig, tug en geestelike leiding. Daarnaas ‘n span van mans en vrouens wat die ander werk doen, met daarby ook vroulike diakens en vroulike preeklesers.
Prof J van Bruggen verduidelik dat ‘n mens nie kan ontken dat die apostel Paulus, gelei deur die Heilige Gees, van ons vra om by die ordening van die gemeentelike lewe rekening te hou met die skeppingsorde van man en vrou nie. Wêreldwyd en deur al die eeue het dit die kerk gelei tot die onderskeid tussen ampte wat slegs die man behoort te vervul, en ander take vir mans en vroue. Daar is geen oortuigende argumente om af te wyk van die gewoonte van vele eeue en die meeste kerke om, op grond van 1Timotheüs 2, die ampte van leer en toesig tot die verantwoordelikheid van die man te reken nie.
Prof M te Velde wys daarop dat daar in die Nuwe Testament vir die lewe en funksionering van vroue in die gemeente groot ruimte bestaan. Tegelyk is daar op enkele onderdele beperkende voorskrifte. Dit kan goed gekombineer word. Die deputaterapport doen geen reg hieraan nie.

Die Sinode het op 5 Junie 2014 ‘n besluit oor hierdie kwessie geneem. Die Sinode onderskryf nie die visie van die deputaatskap *M/V: mannen en vrouwen in dienst van het evangelie* nie. Daar is twee nuwe deputaatskappe aangestel.

> Die visie van die deputaatskap *M/V: mannen en vrouwen in dienst van het evangelie* word nie deur die Sinode onderskryf nie. Daar is twee nuwe deputaatskappe aangestel, nl. Man/vrou en amp en Begeleiding vir besinning in die kerke.

Die een is *Man/vrou en amp*. Hulle taak is om te besin oor die ampte. In die Bybel bestaan twee lyne betreffende hierdie onderwerp. Die een benadruk die gelykwaardigheid van man en vrou, die ander lyn benadruk die verskil in verantwoordelikheid van man en vrou. Hierdie twee lyne moet by die besinning in berekening gebring word. Ook moet hulle die binnelandse en die buitelandse susterkerke vra hoe hulle dink oor die invulling van die ampte van predikant, ouderling en diaken. Dit met die oog op die onderhouding van die katolisiteit van die kerk. Die ander deputaatskap is *Begeleiding vir besinning in die kerke*. Hulle taak gaan wees om die kerke te begelei by die besinning oor die take van man en vrou in die kerk.

Tot sover die Nederlandse Sinodenuus. Tot die volgende keer.

***Heleen Snijder**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Kerk, erediens en lied (2)

Die oorsprong, aard en geskiedenis van die kerklied

Leer en lewe

In ‘n vorige artikel (*Kompas* April 2014) het ons gekonkludeer dat die eredienslied ‘n liturgiese handeling en kommunikasiemedium is, en in dieselfde mate as die gesproke woord wesenlik tot die erediens behoort. In hierdie artikel wil ons die oorsprong, die aard en die geskiedenis van die eredienslied onder die loep te neem.

Oorsprong van die eredienslied
In die Ou Testament (OT) lees ons hoe die volk Israel gehoorsaam aan God se voorskrifte, by tabernakel en tempel erediens verrig het. Die heiligdom is op gereelde basis gedurende feestye besoek en daar is geoffer. Die erediens wat in die OT beskryf word, toon baie ooreenkomste met die van ander volke in die Nabye Ooste, met dié verskil dat die styl en

inhoud van die Israel-erediens op die Verbondsgod, Jahwe, gerig was.
Terwyl die Leviete en priesters aan God geoffer het, het hulle Skrifgedeeltes geresiteer en onder leiding van die Heilige Gees ‘n groot verskeidenheid poëtiese woorde geuiter wat dikwels met spontane uitroepe van die volk, soos “Hosanna, Halleluja, Maranata, Amen” ensovoorts, beaam is. Hierdie poësie is later op skrif gestel en teen die einde van die OT deur die ampsdraers van die volk (die OT gemeente) tot ‘n bundel van 150 Psalms saamgevoeg.

Hierdie poësie was nie-melodiese spraaksang en is dikwels deur instrumente begelei. Bepaalde Leviete het tempelkore gevorm en die volk het op beide spraaksang en tempelkoor hul antwoord laat klink deur uitroepe, belydenisse en lofprysings. In sommige gevalle het die volk die woorde van die ampsdraer met ‘n refrein beantwoord.
Daar was egter nie sprake van wanordelikheid nie, want die volk was maar alte bewus dat hulle voor die aangesig van die Heilige van Israel verskyn het. Jahwe het duidelike voorskrifte vir die erediens gegee. Om die rede het die ampsdraers van die volk goed georganiseerde byeenkomste gehou waarby hulle rekening gehou het met die vertikale sowel as met die horisontale kommunikasie (diens) wat tydens die samekomste plaasvind.

Aard van die Ou-Testamentiese eredienslied (150 Psalms)

Die 150 psalms is God-*geïnspireer*de poësie, wat rondom die tabernakel- en tempeldiens ontstaan het. Die psalmiste het hulself aan ‘n bepaalde *styl* wat by die verering van Jahwe pas, verbind. Hierdie styl herinner sterk aan belydenisskrifte (Heidelbergse Kategismus, antw. 21).
Die digters was meestal gesalfde ampsdraers soos priesters, profete en konings wat psalms met die oog op bepaalde konkrete situasies gedig het. Tydens offerrituele het priesters die gedigte geresiteer om sodoende ‘n ‘stem’ aan die erediens te gee. Hierdie weldeurdagte en kunstige woorde is later as ‘n formulier in die erediens gebruik en deur instrumente ondersteun. Nog later sien ons hoe instrument en lied volgens duidelike amptelike voorskrifte opgetree het (1 Kron 25:1-8).

> Heelwat psalms is gebede waar ampsdraers soos goeie advokate allerlei pleitgronde voor die Here neerlê.

Heelwat van die psalms is gebede waar ampsdraers soos goeie advokate allerlei pleitgronde voor die Here neerlê. Hulle pleit op grond van God se verbondsbeloftes namens die volk en daarom beteken die ‘ek’ in psalms ook ‘ons’. Ampsdraers het meestal in die psalms lof en dank aan God gebring, voordat die nood verwoord is.
Psalms is ook gelowige antwoorde op die openbaring van die Here. Die psalmis se persoonlike geloofsuitings vertolk wat in die hart van die verbondsgemeente lewe. Soms dien die psalm as voorbeeld van hoe die geloofslewe van die gemeente behoort te lyk (Dawid). Tegelyk is die psalms dikwels ook profesie wat op Christus en ander Nuwe-Testamentiese heilsfeite gerig is.

> Psalms is ook gelowige antwoorde op die openbaring van die Here.

Die psalmiste sien die verband tussen regverdiges (voorspoed) en goddeloses (teëspoed) op grond van die genadeverbond en nie op grond van dit dit wat hulle ervaar nie. Hulle verwoord duidelik dat die gelowige voorspoed behoort te kry, en daarom word dit tot diep in die siel gevoel wanneer die regverdige teëspoed het. In die sogenaamde verbondsliedere kan die elemente van belofte, bevel en bedreiging (wraak) duidelik opgemerk word.
Die psalms is nie alleen primêr tot God gerig nie, maar dien ook tot onderrig en opbou van mekaar. Dit vorm die emosies van die gemeente (dis nie ‘natuurlik’ om in teëspoed te vertrou nie) en sommige psalms bevat ook oproepe dat almal saam die Here (ongeag die gevoelens) moet prys. Dit bevat aansporings om van God se sorg te geniet en na heiligheid te strewe en dit wek die verlange na reinheid teenoor sonde. Psalms bevat ook universele oproepe tot eer van God vir alles wat Hy (ge)doen (het). Daarby is sommige psalms ook waarskuwend en antiteties van aard

Psalms dien ook tot opvoeding van die verbondsvolk deurdat dit ons leer hoe om te bid, wat ‘n passende antwoord op God se openbaring is en wat die voorwaardes vir ‘n lewende omgang met God is. Tegelyk leer ons daardeur wat opregte gehoorsaamheid beteken.

Geskiedenis van die eredienslied

Nadat die tempel deur die Babiloniërs verwoes is en die volk in ballingskap weggevoer is, het die erediens beslis nie tot stilstand gekom nie. In die vreemde het die ampsdraers die diens aan God in stand gehou deur samekomste in sinagoges te organiseer. Weliswaar is daar geen diere-offers by die sinagoges gebring nie, maar die offer van die lippe wat die Naam van Jahwe bely, het nie opgehou nie.

> Tydens die ballingskap het die offer van die lippe wat die Naam van Jahwe bely, nie opgehou nie.

Die erediens in die sinagoges was op onderrig en gebede gerig. ‘n Voorsanger het dikwels psalms deur spraaksang, waarvan die toonaard dikwels die stemming van die teks vasgevang het, voorgedra. Tydens dienste in die sinagoge het die verbondsgemeente ‘n groter aandeel gehad as gedurende die tempeldienste. Jong seuns het reeds vanaf hul 13de jaar die voorreg gehad om gedeeltes uit OT geskrifte voor te lees. Die gemeente het daarop geantwoord deur uitroepe, belydenisse, lofprysings en gebede wat dikwels aanhalings van bekende psalms was.

> Tydens dienste in die sinagoge het die verbondsgemeente ‘n groter aandeel gehad as gedurende die tempeldienste.

In die Nuwe-Testamentiese samekomste, na die verwoesting van die tempel wat deur Herodes gebou is (70 nC), is die invloed wat die sinagogale eredienste gehad het, duidelik sigbaar. Alhoewel die klem op die totale Christusgebeure was, was die elemente van gedagtenis, gemeenskap en voorsmaak (verlede, hede, toekoms) ook in die sprekende antwoord van die vroeë kerk aanwesig.

Die onbegeleide spraaksang van die eerste NT gemeentes was ‘n spontane geloofsreaksie en aanbiddingsuitdrukking soos in die sinagoges die geval was. Sang was nie slegs vertikale kommunikasie nie, maar het ook in die vroeë kerk as onderrigmedium gedien. Die soort sang was die vrug van Geesvervuldheid. Dit is gekenmerk deur ‘n fyn ontwerpte struktuur met ‘n duidelik omlynde inhoud en tematiese ontwikkeling, soortgelyk aan die psalms.

> Sang het in die vroeë kerk as onderrigmedium gedien.

Eers nadat die Christelike godsdiens in die Romeinse Ryk tot staatsgodsdiens verklaar is (4 de eeu nC), is die orrel as musiekinstrument in die eredienste ingevoer en is die liturgiese dialoog deur gemeentesang verryk. Daar was nie meer slegs spraaksang van psalms en ander geestelike liedere nie, maar begeleide sang is gehoor.

Gedurende die tweede helfte van die 4de eeu het die sinode van Laodicea melding gemaak van ‘die liedere van die onkundiges’, waarmee die vrye kerklied aangedui is. Hierdie liedere was meestal afkomstig van dwaalleraars wat hul sienings deur liedere in die kerk wou vestig. As reaksie daarteenoor het die psalms toe weer al hoe meer geliefd geword. So geliefd was die psalms dat die sinode bepaal het dat psalmgesang deur Skriflesings onderbreek móét word!

> As reaksie op liedere van dwaalleraars het die psalms geliefd geword.

Biskop Ambrosius, wat met reg as die vader van die Westerse kerklied beskou word, het gedurende die tweede helfte van die 4de eeu ‘n hele aantal regsinnige kerkliedere met ‘n Christologiese inslag gedig om so sy gemeente meer aktief betrokke by die liturgiese gebeure te maak.

> Biskop Ambrosius het ‘n hele aantal regsinnige kerkliedere met ‘n Christologiese inslag gedig om so sy gemeente meer aktief betrokke by die liturgiese gebeure te maak.

Biskop Augustinus wat mede deur die sang in die gemeente van Ambrosius tot bekering gekom het, was oortuig van die positief-etiese krag van dié soort kerksang. Hy het beklemtoon dat melodiese sang tot ‘n beter verstaan van die teksinhoud moet dien en die melodie altyd ondergeskik aan die teksinhoud moet wees.

Die Westerse kerk het in die 4de eeu nC na Latyn as liturgiese voertaal oorgeslaan, wat natuurlik ook ‘n effek op die gemeente se singende antwoord gehad het.

Vroeg in die 7de eeu het pous Gregorius liturgiese vernuwings ingevoer wat ‘n eenvoudige liturgie

met ‘n ekonomiese gebruik van woorde was. Hy is bekend vir die Gregoriaanse koraalsang wat bestaan het uit onberymde, resiterende Latynse psalm- en himnesang wat eenstemmig gesing is.
In die 8ste eeu het Karel die Grote hom beywer vir liturgiese eenvormigheid in die kerk en hy het die Gregoriaanse liturgie tot die amptelike liturgie van die kerk verklaar. Dit het later tot die sintese-liturgie van die Rooms-Katolieke kerk gelei, waardeur die gemeeente se respons stadig maar seker geheel en al verdwyn het.
Gedurende die 16de eeu is die sintese-liturgie amptelik deur die Konsilie van Trente voorgeskryf en die liturgie was tot en met die jaar 1960 wêreldwyd die enigste voorgeskrewe liturgie in die Rooms-Katolieke kerk.
Tydens die Reformasie is sterk klem daarop gelê dat God se priestervolk (gemeente) weer aktief aan die erediens moet kan deelneem. Daar is teruggekeer na die eenvoud van die Christelike erediens van die vroeë kerk en gemeentesang is weer ingevoer.

> Tydens die Reformasie is sterk klem daarop gelê dat God se priestervolk (gemeente) weer aktief aan die erediens moet kan deelneem.

Calvyn was die een wat homself sterk daarvoor beywer het om die gemeente weer te laat psalms sing en dit in hulle eie taal! Hy het daarop aangedring dat die kinders psalms moes leer, sodat dié hulle ouers kon leer. Calvyn het sang as ‘n gawe van God waardeer en seker gemaak dat die melodieë van die psalms die inhoud daarvan dien. Calvyn het self ‘n aantal psalms berym en die psalms is eenstemmig en onbegeleid gesing. Hierdie hervormer het geen enkele musiekinstrument in die kerk toegelaat nie.

> Calvyn het homself sterk daarvoor beywer om die gemeente weer te laat psalms sing en dit in hulle eie taal!

‘n Uitstaande kenmerk van Calvyn se gemeenteliedere was dat dit ‘ons-liedere’ was, met ‘n objektiewe gerigtheid op lof en aanbidding van God en op die heil wat God in Jesus Christus vir sy kinders toeberei het. Die liedere het ontstaan teenoor die subjektiewe ‘ek-liedere’ van die tyd wat deur die Humanisme beïnvloed is.
Gedurende die 17de en 18de eeu het die mens meer en meer in die middelpunt te staan gekom. Die mens se verstand en gevoel was bepalend vir sy godsdiens. Vanweë die subjektivisme en individualisme het die Skrif ‘n relatiewe betekenis verkry. Die mens se eie kennis en ervaring het bepaal wat waar en normatief is.
In dié tyd het vrye gebede ten koste van formuliergebede en vrye liedere ten koste van die psalms in die kerk hul opwagting gemaak. Aangesien daar heelwat klem was op die ervaring van die individuele mens, het ‘ek-liedere’ baie gewild geraak en die ‘ons-verbondsliedere’ verdring. Liedere wat gesing is, was persoonlike sielsuitinge met temas soos heiliging, bekering, hemelverlange en die innerlike mens.

> Gedurende die 17de en 18de eeu het vrye liedere ten koste van die psalms in die kerk hul opwagting gemaak.

In die huidige 21ste eeu toon die tydsgees heelwat ooreenkomste met die Verligting van die 17de en 18de eeu. Die postmoderne mens is ‘n ‘ervaringsmens’. Belewenis van die waarheid is bepalend vir die waarheid. In hierdie wêreld het elkeen dus sy eie waarheid en niemand het die reg om ‘n ander se waarheid te verooreel nie. Gevolglik is daar geen objektiewe waarheid meer nie.
Die postmoderne gees beïnvloed ook kerke. ‘Ek-liedere’, persoonlike sielsuitinge en ‘praise and worship’-liedere is baie gewild en lok dikwels groot getalle. Dit het op sy beurt weer die gevolg dat die Woordverkondiging verdring word en eensydige teologiese beskouings maklik wortel skiet.

> In die huidige 21ste eeu is ‘Ek-liedere’, persoonlike sielsuitinge en ‘praise and worship’- liedere baie gewild.

Gelukkig hou God sy kerk deur die eeue in stand en gee Hy ook in 2014 steeds getroue leiers wat God se waarheid verkondig en wat daarvoor sorg dra dat die gemeente in gehoorsaamheid die enigste Waarheid in haar sang bely.

Tot slot

Dit blyk duidelik uit die geskiedenis dat die Nuwe-Testamentiese kerk vanaf die vroegste tye ook plek ingeruim het vir die vrye kerklied. Die kerk het besef dat sy geroepe is om ook oor die groot dade van die Here soos Hy dit in die NT deur Jesus Christus sy Seun geopenbaar het, te sing.
Die kerk was daarby egter ook voortdurend bewus van die feit dat dwalings baie maklik deur middel van sang ‘n plek in die gemeente kan verwerf. Dikwels wou dwaalleraars allerlei onskriftuurlike oortuigings

d.m.v. ‘kerkliedere’ by die kerkvolk tuisbring en is van die liedere op maklik singbare en meeslepende wysies in die strate gesing. Daarteenoor het regsinniges (soos Ambrosius) doelbewus Skriftuurlike liedere gekomponeer en dit vir die kerkvolk geleer.

Die Woordverkondiging sowel as die antwoord wat die gemeente daarop gee, moet voortdurend aan God se Woord en die eise wat God aan ‘n kerklied stel, getoets word.

Dit is vandag steeds die roeping van die kerk om waaksaam te wees. Die Woordverkondiging sowel as die antwoord wat die gemeente daarop gee, moet voortdurend aan God se Woord en die eise wat God aan ‘n kerklied stel, getoets word.

(Bronverwysing: ***Sing nuwe sange nuutgebore***, deur dr W M Louwrens Strydom. NG Sendingpers, Bloemfontein).

***Henria Stolper**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

In sy diens

In Sy diens

’n Nuwe rubriek in *Kompas* spesiaal gerig op ampsdraers in die kerk. Maar daarom juis ook vir lidmate, want hoe kyk ons na ons ouderling en diaken? Wat mag jy van hulle verwag? Hoe eer ons hulle vir hul werk?

Wat mag ons van die ampsdraers in die kerk verwag?

2 Korinthiërs 4:7 *Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.*

In die Nuwe Testament word ampsdraers ’n paar keer voorgangers genoem (Hebr 13:7,17,24), want dis hulle opdrag om die gemeente voor te gaan, te lei. Vanweë hierdie opdrag word hulle opgeroep om ’n *voorbeeld* vir die gemeente te wees (1Petr 5:3). In ooreenstemming hiermee word verwag dat ‘n ouderling onberispelik is, fatsoenlik, sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou (1Tim 3:2-4). Miskien lê in hierdie tekste die oorsaak dat ouderlinge somtyds moeilik hul eie tekortkomings kan aanvaar. Hiermee bedoel ek dat ook in hul eie lewe en in hul gesin kleinmenslike en normafwykende dinge kan voorkom. Dit kan stry met die voorbeeldfunksie wat ’n ampsdraer het en daarom ontken hy dit maar of steek dit weg.

Die gevolg kan wees dat ’n ampsdraer homself nie toelaat om te twyfel of om moeite te hê met God se regering nie. Negatiewe gevoelens, soos angs en woede, word onderdruk en negatiewe dinge in die gesin word ontken of geringskat.

Die Bybel leer ons om eie tekorte onder oë te sien.

Die Bybel leer ons juis om beskeie te wees en om eie tekorte onder oë te sien. Neem nou die manier waarop die Bybel oor groot voorgangers skryf, soos Dawid, die man na God se hart. Sy sondes word nie weggesteek nie, maar breedvoerig beskryf. Of Petrus, die rots waarop Christus sy kerk bou. As mense die Bybel sou geskryf het, sou hulle die episode waarin hy sy Heer en Heiland verloën het, maar liewers uitlaat. Maar God laat dit opteken. Paulus skryf oor homself as die een wat die gemeente van Christus vervolg het, maar ook as iemand wie se voorbeeld ons moet navolg.

God het sy evangelie toevertrou aan sondige manne, erdekruike, kwesbare mense.

Hierdie voorbeelde maak duidelik dat die oproep vir ampsdraers om ’n voorbeeld te wees, nooit kan beteken dat hulle hulself beter moet voorhou as wat hulle is nie, of dat hulle op hul tone moet loop. God het sy evangelie toevertrou aan sondige manne, erdekruike, kwesbare mense. As ons hiervan bewus is, verander dit jou houding ten opsigte van jouself, jou omgewing en jou gesin.

Ten opsigte van jouself: jy leer jouself beter ken – want jy is bewus van jou eie negatiewe gevoelens,

eie onsekerheid, eie eensydigheid. Ten opsigte van jou omgewing: jou omgewing sien aan jou houding dat jy nie bo hulle staan asof jy 'n beter mens is nie, maar dat jy een van hulle is. Ten opsigte van jou gesin: jy sal hulle nie dwing in 'n keurslyf waarin hulle nie wil wees nie.

> Die ampsdraer moet 'n voorbeeld wees van God se genadige werk in sy lewe.

Die voorbeeld wees in die Nuwe Testament betref nie net jou voorbeeldige lewenswandel nie, maar jou totale afhanklikheid van God. Jy moet 'n voorbeeld wees van God se genadige werk in jou lewe. Mense moet aan jou lewe kan sien wat God van sondige mense kan maak. Jy kan dus nie jouself tot voorbeeld maak nie, God moet dit in jou lewe doen. Daarom is jou voorbeeld nie demonstratief nie, maar verwysend – jy is meer 'n gids as 'n model. Jy wys bo jouself uit op die God van genade wat jou, ondanks jou tekortkomings en sondes, tog vir sy koninkryk wil gebruik.

***Ds Jelle Drijfhout**, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Kinders in enkelvrou-gesinne

In Pers-pektief

In Suid-Afrika is daar blykbaar baie kinders wat opgroei in enkelvrou-gesinne, gesinne waar die pa vrywillig afwesig is. In *Die Burger* van 17 Maart 2014 skryf die bekende ekonoom Mike Schüssler 'n insiggewende artikel daaroor. 'n Mens verwag dat hierdie onderwerp die aandag sal hê van sosioloë of opvoeders eerder as van 'n ekonoom. Maar Schüssler wys op die belangrike ekonomiese gevolge van en vir hierdie kinders.

Schüssler meld dat die kragonderbrekings deur Eskom uitvoerige aandag kry in die media, asook die opdrag aan die staatsbeheerde media om eerder oor positiewe sake te berig. Hy vervolg : "Die regering het verstrik geraak in sy retoriek om die verlede die skuld te gee vir die huidige probleme. En so word 'n stokkie daarvoor gesteek dat 'n mens daarop wys dat nie alle ongelykhede in die land ekonomies van aard is en deur 'transformasie' verander kan word nie. Die eerste punt van belang is dat 48% van huishoudings in Suid-Afrika 'n vrou as enkel-broodwinner het. Dis die hoogste ter wêreld, volgens onlangse inkomstenavorsing."

> 48% van huishoudings in Suid-Afrika het 'n vrou as enkel-broodwinner.

Uit 'n grafiek in Schüssler se artikel, met gegewens uit 2010, blyk dat die persentasie kinders in enkelvrou-gesinne die laagste is in China (1.5%), in Europa is dit tussen 5% en 15% en in die VSA, Engeland en Ierland is dit ongeveer 20%. Suid-Afrika staan van alle lande ver uit op 48%. Schüssler vervolg : "Die hartseersaak is dat baie kinders in dié huishoudings nie hul skoolopleiding gaan voltooi nie. Dié huishoudings is ook gewoonlik armer en merendeels swart. Beter onderwys en opleiding en die bestendigheid van 'n pa-figuur sal op die lange duur veel meer beteken as wat volop elektrisiteit ooit sal kan."

> Beter onderwys en opleiding en die bestendigheid van 'n pa-figuur sal op die lange duur veel meer beteken as wat volop elektrisiteit ooit sal kan.

"Dis 'n terrein waarop ons 'n groot verskil kan maak, maar dit verg maatskaplike verandering, nie geld nie. Pa's moet saam met ma's verantwoordelikheid vir hul kinders aanvaar. Suid-Afrika kan nie maar net voortploeter nie, anders gaan onreg deel van ons bestaan bly. Waar is die stemme wat opgaan teen dié werklike groot oorsaak van ongelykheid ? Volgens die 2011-sensus het 90% van huishoudings elektrisiteit (dus 10% het nie – JM), maar het 12% van huishoudings weeskinders. Dit beteken meer huishoudings het 'n ouer verloor as dié wat sonder elektrisiteit is! Talle kinders word by hul grootouers of ander familielede groot of hanteer self die huishouding. Dit lyk of die tipiese gesinsopset (met 'n pa en 'n ma – JM) nie wyd in Suid-Afrika geld nie."

"Ons kla oor die las wat die elektrisiteitsprobleme op die ekonomie plaas, en ek stem ten volle daarmee saam. Daar word egter elders erger struikelblokke vir

ons volgende geslag in die pad gelê. Maar daaroor word nie gepraat nie, want dit pas nie in die huidige belangeraamwerk nie. Ek sê nie dié kinders is verlore nie, maar hul toekoms lyk minder rooskleurig en dit gaan die onderwyspeil en die ekonomiese vooruitsigte raak."

> Mans wat nie hul verantwoordelikheid as pa's nakom nie, het waarskynlik die grootste aandadigheid aan huidige en toekomstige ongelykhede.

"Anders as die Eskom-haakplekke, gaan hierdie vraagstukke nie binne die volgende tien jaar uitgestryk word nie. Mans wat nie hul verantwoordelikheid as pa's nakom nie, het waarskynlik die grootste aandadigheid aan huidige en toekomstige ongelykhede. Suid-Afrika het van die ergste inkomste-ongelykheid en van die laagste indiensnemingsvlakke ter wêreld. Dis nie, soos baie mense dink, net weens loongapings nie. In ongelykheidsmetings word (totale of gesamentlike – JM) huishoudelike inkomste in ag geneem, en as byna 60% van huishoudings 'n enkelouer of kind aan die hoof het, vergroot dit ongelykheid uiteraard."

"En terwyl ons swak onderwysstelsel op pad is om die volgende groep armes te lewer, gaan ongelykheid in die volgende geslag voortduur. Gaan apartheid met die 50ste herdenking van demokrasie in 2044 steeds die sondebok wees? Ons moet koppe bymekaar sit en eerlik begin gesels. Maar dis dalk net so 'n veraf droom as dat Eskom die kragtoevoer voor die einde van die dekade gaan regkry." Aldus Mike Schüssler.

> Die enkelouer-ma wat sukkel om haar gesin te onderhou, het hoegenaamd geen tyd oor vir die opvoeding van haar kinders nie.

Ons kan heeltemal saamstem met sy afleidings, al is dit slegs ekonomies gerig. Maar hierdie gesinsomstandighede in Suid-Afrika het wyer gevolge as net ekonomiese. Die enkelouer-ma wat sukkel om haar gesin te onderhou, het hoegenaamd geen tyd oor vir die opvoeding van haar kinders nie. Hierdie kinders in die swart voorstede word op straat groot, raak betrokke by bendes en misdaad. Ons lewe in die dryfsand en moeras van 'n sondige wêreld, met van onsself geen vaste morele grond onder ons voete nie. As kinders nie voortdurend opgetrek word met opvoeding deur sorgsame ouers en deur kerklike en Christelike skool-onderwys nie, as hulle nie die vaste basis van die Christelike geloof onder hul voete kry nie, dan sak hulle stadigaan weg in hierdie dryfsand en moeras. As seuns in gesinne sonder 'n pa opgroei, wie is dan hulle rolmodel? Dis dan waarskynlik die groot seuns in die straat, met alle gevolge wat daarmee saamkom. As daar geen pa in die huis is nie, wie beskerm dan die dogters teen die mansvriende van hulle ma?

Dis nie moeilik om die talle nadele van enkelvrougesinne op te som nie. Wat is die oplossing ? In die eerste plek lê die probleem by mans en seuns wat kinders verwek sonder dat hulle die verantwoordelikhede daarvan wil dra. Van elke kind wat gebore word, behoort die owerheid nie net die man nie, maar ook die biologiese pa te registreer. En met moderne DNA-metodes behoort dit nie moeilik te wees om elke kind se pa op te spoor en te registreer nie. As pa's dan verplig word om finansieel by te dra tot die opvoeding van die kinders wat hulle verwek het, dan sal hulle hul seksuele gedrag dalk verander (met moontlik ook 'n afname in HIV-VIGS). Maar in die tweede plek lê die probleem by baie van die jong vroue en by dogters wat graag te vroeg groot wil word en seksueel aktief raak sonder 'n vaste verhouding met 'n man. Hoewel Schüssler dit nie noem nie, is die getal tiener-swangerskappe in Suid-Afrika ongetwyfeld ook van die hoogste ter wêreld.

Die derde probleem lê by die owerheid, wat hierdie ongunstige situasie moet onderken as 'n probleem en dit moet aanpak. Dit is beter om die oorsake nou te beveg eerder as om die gevolge later te moet akkommodeer. Die owerheid het die maatskaplike werkers en die propaganda-masjinerie wat die gedrag van hul onderdane kan beïnvloed. Hulle moet ook die registrasie van kinders se pa's aanpak. Die eksta finansiële koste sal moontlik gekompenseer kan word met die besparing op maatskaplike toelaes.

> Die grondoorsaak van hierdie probleem lê by die nie-aanvaarding van God se goeie gebooie.

Die grondoorsaak van hierdie probleem lê by die nie-aanvaarding van God se goeie gebooie. Gesinne met 'n pa en 'n ma is die boustene van 'n gesonde samelewing. Dit is die plek waar kinders 'n goeie opvoeding kan ontvang. Waar huwelike nie meer van waarde is nie, verval die samelewing. Dit geld ook vir die swart samelewing waar die tradisionele huwelik

blykbaar weggeval het (en nie slegs as gevolg van die ou trekarbeid-stelsel nie).

Gelukkig is hierdie statistiek nie net so van toepassing op ons kerklike gemeenskap nie. Waar daar by ons enkelouer-gesinne voorkom, is dit deurgaans ongewild. In so 'n geval dra ons sorg vir mekaar en ondersteun mekaar om die gemis op te vang. Deur kontakte met ons personeel kan ons dalk oor hierdie sake praat en so 'n gunstige invloed uitoefen. Maar ons lewe in 'n wêreld waarin ons beïnvloed word en daardeur kan ook by ons die huwelik van ondergeskikte belang raak en losgemaak word van seksualiteit. Ons moet dit onderken en bestry. Laat ons steeds die omvattende belang van die gesin, vir man en vrou en kinders, benadruk deur die lig van die evangelie oor die huwelik en seksualiteit uit te dra.

***Hans Moes**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

Die Messias het gekom

Tjaart van der Walt

Boekbespreking

Hierdie boek het iemand in my hande gedruk met die vraag: is hierdie boek geskik as belydenisgeskenk? Definitief! 'n Pragtige boek.

Tjaart van der Walt het klasgegee in Potchefstroom en by Mukhanyo. Sy werk van jare as professor in Nuwe-Testamentiese vakke het hy in hierdie boek byeengebring. Die inhoud van die boek gaan oor die lewe van ons Here Jesus Christus. Daaroor is daar natuurlik baie boeke geskryf, maar wat hierdie boek so interessant maak, is dat sy lewe geplaas word in die heilsgeskiedenis en in die gewone geskiedenis. Jesus Christus word geplaas in die konteks van die heilsgeskiedenis, maar ook in die konteks van sy eie tyd. Een hoofstuk gaan byvoorbeeld oor die verwagting van die Messias in die Ou Testament en hoe hierdie verwagting juis in die periode tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament skeefgegroei het, waardeur veral die Joodse leiers Hom nie as die Messias herken of wou erken nie. 'n Ander hoofstuk gaan oor die verskillende bronne van die Christelike geloof: natuurlik die Bybelse bronne (die vier evangelies), maar ook die buite-Bybelse bronne kry aandag en word na hul waarde geskat. Baie interessant is ook die beoordeling van die apokriewe boeke. Die apokriewe boeke van die Ou Testament is redelik bekend en is beperk in aantal, maar die apokriewe boeke oor die Nuwe Testament is onder ons redelik onbekend. Ons hoor daarvan in die media, byvoorbeeld die evangelie van Thomas of die evangelie van Judas. Laasgenoemde is eers onlangs gevind en word deur die nie-Christelike wetenskap met groot fanfare aangekondig as die bewys dat die Bybel nie waar is nie. Op oortuigende wyse laat Tjaart van der Walt sien hoekom hierdie evangelies nie ons geloof in die Bybel kan ondergrawe nie.

Die boek is 'n studiegids. Jy sal hier baie inligting vind oor vrae wat gereeld gestel word. Baie oorsigtelik word die lewe van Jesus vertel. Hoekom Hy nie op 25 Desember in die jaar 0 gebore is nie en wanneer dan wel. Die verskillende fases wat sy lewe geken het. Hoe die laaste dae van sy gevangeneming, kruisiging en sterwe verloop het. Jy sal inligting vind oor die geestelike partye en stromings waarmee Jesus in botsing gekom het: die Fariseërs en die Sadduseërs. Om die gesprekke wat Jesus met hulle gevoer het, beter te verstaan, is hierdie inligting eintlik onmisbaar. Ook dogmatiese kwessies word bespreek. Byvoorbeeld: het Jesus werklik na die hel neergedaal? Hoekom staan dit in ons belydenis?

Wat ek werklik jammer vind, is dat daar so min ondersteunende materiaal in die boek te vinde is. Tjaart beskryf byvoorbeeld die geografie van Israel en die indeling van die land (Galilea, Judea, Samaria). 'n Landkaart is hier eintlik onmisbaar, maar dit ontbreek. Ook 'n oorsigtelike kronologiese tabel van die lewe van Jesus sou werklik baie handig wees.

Ek sal hierdie boek vir almal wat belydenis van hul geloof wil aflê, van harte aanbeveel. Hierdie soort studieboeke het jy nodig op jou boekrak. Baie van die inligting kan ons ook op die internet vind, maar dis onbetroubaar, omdat dit vanuit 'n nie-Christelike oogpunt na Jesus kyk. Tjaart van der Walt kry dit reg om met feitelike inligting oortuigend die betroubaarheid van die Bybel aan te toon. Die prys van R110 is regtig billik vir so 'n waardevolle boek.

***Ds Jelle Drijfhout**, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Die Messias het gekom! 'n Gids in die Evangelies vir toegewyde Bybel-studente, Tjaart van der Walt, tweede hersiene uitgawe 2007, R110

Program

17:00-17:15	Opening (dr. GJ Meijer)
17:15-17:45	Sessie 1 – Historiese inleiding (Inleier: dr. VE d'Assonville)
17:45-18:30	Sessie 2 – HK Sondag 38 en die onderwys (Inleier: ds. HH van Alten; respondent: dr. ALA Buys)
18:30-19:15	Ligte ete beskikbaar @ R30,00 (bespreek asseblief vooraf by 012 332 4535 of kerkkantoor@gkkandelaar.co.za)
19:15-20:00	Sessie 3 – Die derde vraag van die doopformulier, KO artikel 21 en die onderwys (Inleier: dr. JH Howell; respondent: ds. RA Bain)
20:00-20:45	Sessie 4 – Die onderwyser as belydende gelowige (Inleier: ds. JG Noëth)
20:45-21:00	Tee/koffie
21:00-21:45	Sessie 5 – Podiumdiskussie (dr. GJ Meijer)
21:45-22:00	Afsluiting

Die lied as ‘n reaksie op die HERE se openbaring

Reaksie

In die Mei-uitgawe van *Kompas* het br Henk Schuring ‘n waarskuwing teen die invoering van gesange in die kerke laat hoor. Hy is bekommerd dat “menslike interpretasies van die Skrif”, in stryd met wat ons in Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely, by die Woord van God bygevoeg word, dat ons ‘n teenstelling tussen die Ou en Nuwe Verbond maak, dat die kerke opgeskeep word met “tam, ‘geestelike’ en individualistiese vredesliedere wat die gemeente maar net ‘n stigtelike uurtjie verskaf”, en so meer. ‘n Mens kan dit waardeer dat br Schuring wil verhoed dat ons as kerke deur dit wat ons sing, van die HERE se openbaring sal (begin) afwyk en op die ou end met honderde gesange opgeskeep sit wat nie aan die HERE se Woord reg doen nie. Maar is daardie bekommernis in hierdie geval tereg? Raak dit regtig dit wat ons as kerke reeds in ons sinodes uitgespreek en besluit het? En waaraan die deputate Liturgiese Musiek nou maar net uitvoering gee? Gebruik br Schuring nie alte groot woorde en onnodige sterk teenstellings om sy betoog te benadruk nie?

Waaroor gaan die hele diskussie? Dit gaan oor die betekenis van die Ou-Testamentiese psalms. Het die Heilige Gees daardie liedere – aangesien Hy dit ‘n onderdeel van God se openbaring gemaak het – so ‘n prominente plek in die geloofslewe van die kerk van al die eeue gegee, dat ons na die voltooiing van die Psalmboek geen nuwe liedere meer mag maak en sing in ons eredienste nie?
Ons moet in hierdie diskussie nie vergeet hoe die psalms ontstaan het nie.
Toe Dawid, Korag, Asaf, Jedutun, Jesus se moeder Maria, die priester Sagaria, Simeon en Anna hul liedere gesing het, het hulle nie in die eerste plek singende ‘n nuwe openbaring van die HERE kom gee nie. Hulle het in die eerste instansie slegs singende *gereageer* op wat die HERE in daardie dae aan hulle geopenbaar het, onlangs, of al vroeër. En ja, toe het dit die Gees van God behaag om van hul liedere vervolgens ook ‘n plek in sy openbaring te gee. Om dit in die eeue daarna tot vandag toe te gebruik tot versterking van mense se geloof. Wat dit betref het hul liedere ‘n besondere betekenis ontvang, wat die digters self, toe hulle dit gedig het, waarskynlik nie eens besef het nie. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs kan nou sê (3:7) dat die Heilige Gees bv. deur Psalm 95 van Dawid nog steeds *spreek* (teenwoordige tyd!).

Maar nie ál die liedere wat onder die Ou Verbond as ‘n reaksie op die HERE se openbaringswoorde gesing is, het ‘n plek in die heilige Skrifte ontvang nie. Salomo het meer as duisend liedere gekomponeer (1 Kon 4:32) en dit sou ongetwyfeld nie net profane liedere gewees het nie. Dawid het sangers vir die erediens in die tempel aangestel (1 Kron 25:1,20), wat in daardie dae nie al die volledige 150 Psalms wat ons nou ken, tot hulle beskikking gehad het nie. Hulle het vrymoedig in hul eie woorde op die HERE se Woord geantwoord. Tot lof van sy Naam en tot opbouing van sy kerkvolk. Was desondanks al daardie liedere dus ook eintlik al verkeerd?

En indien daardie liedere nog wel toegestaan was, sou God se kinders, kom ons sê vanaf Johannes die Doper se tyd, dan nou skielik nié meer singende op die openbaring wat ons nou in die Nuwe Verbond ontvang het, mag reageer nie? Omdat dit ‘vrye’ gesange is? Ek glo: daardie benaming vertroebel al dadelik die diskussie. Kom ons praat voortaan van ‘gebonde’ liedere, waarin die digters hulle gebind het aan, en laat lei het deur, die openbaring wat ons bo ons broeders en susters onder die Ou Verbond ontvang het. Is daar in die kerk vandag geen plek meer vir sulke liedere nie? Ek weet, die Heilige Gees neem dit vandag nie meer op as ‘n aanvullende deel van God se openbaring nie. In die Heilige Skrif soos wat ons dit nou het, is God se wil volkome vervat en alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, word daarin voldoende geleer (Art. 7 NGB). Maar dit was mos nog nooit die bedoeling van gelowige digters om ‘n stukkie aan God se openbaring te wou toevoeg nie? Hulle wou maar net in hul eie woorde die HERE se Woord beantwoord.
Waar in die Heilige Skrif lees ons dat God se Gees dit vandag nie meer wil hê nie? Omdat ons dan ‘n verkeerde teenstelling tussen die Ou en die Nuwe Verbond sou maak? Handel ons so juis nie heeltemal in lyn met die Ou Verbond nie? Calvyn gaan in sy

Kommentaar op Kolossense 3:16 dan ook heeltemal vanselfsprekend daarvan uit dat Christene geestelike liedere *maak*. En dus nie net *sing* wat hulle vanuit die Ou Testament oorgelewer gekry het nie.

Ek ervaar br Schuring se kritiek op die deputate Liturgiese Musiek as heeltemal oordrewe. Ook wanneer hy skrywers soos dr C. van der Waal, A. Janse, ens. aanhaal. Daar sal geen opregte Christelike lieddigter wees wat, soos gesuggereer, sal beweer dat sy lied "'n *wins bo* die Psalms" is nie. Maar ek durf so 'n lied met 'n geruste hart wel 'n gelukkige *voortsetting van* die wins van die Psalms te noem. Aangesien ons vandag meer van die Christus weet as ons broers en susters onder die Ou Verbond. Selfs as die destydse profete, ja, selfs as die engele: 1 Petrus 1:10-12, vergelyk Mattheüs 13:17. Nie die deputate nie, maar br Schuring self, dr C. van der Waal, ens., maak 'n verkeerde teenstelling tussen die Ou en die Nuwe Verbond as hulle beweer dat al die 'meer' van die Nuwe Verbond al klaar in die Ou Verbond beskrywe is. Hoekom het ons dan nog die Nuwe Testament ontvang?!
Dit is ook 'n karikatuur om saam met A. Janse te beweer dat daar in Nuwe-Testamentiese gesange geen sprake kan wees van vervloeking in die Naam van die HERE nie. En dat dit maar net "serene liedere kan wees wat die gemeente 'n stigtelike uurtjie verskaf". In die Ou Kerk is dikwels die *Dies Irae* gesing, 'n lied oor die huiweringwekkende oordeelsdag van die HERE. 'n Eggo daarvan kry ons in die Nederlandse gesang:
O, die dag van wraak en vuur,
dag van toorn en strafgerichten.
God zal in het laatste uur,
ieder mensenhart doorlichten.
't Rijk der zonde moet vergaan,
want de Heer is opgestaan.

Ignoreer die deputate die feit van die stryd teen die gesange van ds Hendrik de Cock in die 19de eeu in Nederland? Ek dink nie so nie. Maar br Schuring ignoreer wel die feit dat latere gereformeerdes soos bv. prof Jakob Kamphuis aangewys het dat ds De Cock onewewigtige kritiek op gesange gelewer het in sy voorwoord by die boekie van Jakob Klok teen *die Evangelische Gezangen,*wat destyds verpligtend in die Nederlandse Hervormde gemeentes ingevoer is. Ja, daar was heelparty verkeerde – dit is: onskriftuurlike – gesange in daardie bundel. Maar daar was ook goeie, Skriftuurlike gesange daarin. Alte maklik het ds De Cock uit daardie verkeerde gesange die gevolgtrekking gemaak dat énige gesang verkeerd is. Self het prof Jakob Kamphuis 'n pragtige drieluik oor die Nuwe-Testamentiese lied in lyn met die Ou-Testamentiese lied geskrywe: *Juda's hallel, Het hallel der kinderen* en *Een eeuwig hallel.*
En ignoreer br Schuring ook nie die feit dat Maarten Luther, nadat hy die Evangelie herontdek het, baie nuwe liedere gedig en laat sing het,waarin daar sowel met blydskap as met diepgang op God se openbaring van Christus se versoeningswerk gereageer word? Moet ons sê dat dit helaas afbreuk gedoen het aan die wins wat Luther aanvanklik ontdek het? Of was dit juis 'n dankbare vermeerdering van daardie wins waarin hy sy broers en susters tot vandag toe laat deel het?

Samevattend: Die kerk vandag mag bly wees met nuwe liedere waarin – omdat mense met die Gees vervul is (Efes 5:18,19) – daar dankbaar en diepgaande gereageer word op die HERE se openbaring vandag in Ou en Nuwe Testament. Ook as dit meer is as slegs 'n Skrifberyming. Dit mag as geskenke van die Heilige Gees aan die kerk van vandag beskou word, al is dit geen núwe openbaring nie. Die vernaamste kriterium om nuwe liedere te beoordeel en in die kerke vry te gee, moet dan ook wees: is dit 'n teregte, eerbiedige, sorgvuldige en vir almal leersame reaksie op God se openbaringswoord? Is hier eers diepgaande geluister na wat die Gees vir die gemeentes sê? Indien wel, dan is daar rede om vir die Gees dankie te sê.

***Ds Ferdinand Bijzet**, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:
Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Ds. Jelle Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Bladuitleg:
Ilze van Houwelingen

Taalversorging:
Magriet de Mooij en Marijna Bijker

Webmeester:
Willemien Kleijn

Redaksieadres:
19de Laan 560,
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Kompas, Capitec Pretoria Jacaranda
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks asb. uitgemaak aan L. Ros.
Kontant/Tjekdeposito's: Laat weet asb. die administrasie.
Onthou asb. om u lidnommer / Naam & Van waar moontlik te gebruik by betalings.

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Jaarliks betaalbaar voor/op 28 Feb. asb.

http://kompas.vgk.org.za/

Intekening moet asseblief skriftelik gekanselleer word. Kompas is nie aan kopiereg onderhewig nie.

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:
9 Julie 2014

Artikels moet na volgende e-posadres gestuur word:
kompas@vgk.org.za

Gastewoonstel – La Cotte Inn
Bellville-omgewing, Goed geleë
Slaapplek vir 2/3 persone
Rolstoelvriendelik
Alle geriewe, naby winkelsentrums, hoofpaaie en die Kaapse strande.
Kontak: Jan/Ina van Alten
Tel: 021 919 1597 Sel: 073 265 2440
E-pos: magdalenava@mweb.co.za

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za